

W.15 KRULBLAARFONTEINKRUID/ CURLED PONDWEED

(*Potamogeton crispus* L.)

Familie: Potamogetonaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Krulblaarfonteinkruid is 'n taamlike groot, gewortelde onderwaterplant met vierkantige stingels van tot 1,5 m lank. Die smal spiesvormige blare met stomp punte, is kenmerkend gekartel en word 8 tot 15 mm breed. Die blare het fyngetande rande en is nie aan die papieragtige skede wat die stingel by die basis van die blare omring, vasgeheg nie. Vyf tot tien klein, groen blommetjies word in 'n aar gedra. Die eensadige vrug is 2 tot 4 mm lank met 'n bolvormige basis en 'n lang geboë snawel.


Verwante spesies

Krulblaarfonteinkruid kan as volg van die twee ander Suiders-Afrikaanse *Potamogeton*-spesies met onderwaterblare wat wyer as 4 mm is, onderskei word: die blare het fyngetande rande, is opvallend gekartel en die snawel is ongeveer so lank as die res van die vrug.

Verspreiding

Die plant word algemeen in die somerreëengebied van Suiders-Afrika, insluitende Suidwes-Afrika/Namibië en Botswana, gevind. Dit kom ook in ander dele van Afrika, Europa en Asië voor en is skynbaar na Amerika ingevoer.





Ekologie

Krulblaarfonteinkruid groei in stilstande tot redelik vinnig vloeiende water van ongeveer 1 m (selde 2 m) diep. Dit wortel in fyn tot medium fyn grond en word gewoonlik in redelik helder water aangetref.

Belangrikheid

Die spesie is gewoonlik nie lastig as onkruid nie, maar is daarvoor bekend dat dit bilharziadraende slakke herberg.

Wetgewing

Daar is geen wetgewing vir die beheer van die spesie nie.

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van die Griekse woorde *potamos* = rivier, *geiton* = buurman en *crispus* = gekartel of gekrul, afgelei.

Spesienommer: 0058.000 - 00100

Literatuurverwysings

- HASLAM, S.M., SINKER, C.A. & WOLSELEY, P.A., 1975. British water plants. *Fld Stud.* 4: 243-351
- MITCHELL, D.S. (ed.), 1974. *Aquatic vegetation and its use and control*. Paris: UNESCO.
- OBBERMEYER, A.A., 1966. Potamogetonaceae, in Codd, L.E., De Winter, B. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.
- SCULTHORPE, C.D. 1967. *The biology of aquatic vascular plants*. London: Edward Arnold.